



GREY KOLLEGE SEKONDÊR COLLEGE SECONDARY

A SOUTH AFRICAN PARALLEL MEDIUM SCHOOL FOR BOYS

'N SUID-AFRIKAANSE PARALLELMEDIUMSKOOL VIR SEUNS

SENTRUM VIR LEER EN ONDERSTEUNINGSDIENSTE **Skep Roetine en Struktuur gedurende Krisisopvoeding**

Die implementering van struktuur en roetine vir ons kinders in 'n omgewing buite die skoolopset, in 'n ruimte wat eintlik 'n plek van sekuriteit, ontspanning en plesier is – die huis – is 'n uitdaging wat vele ouers tans die hoof moet bied. Alhoewel 'n groot mate van effektiewe onafhanklike leer afhang van elke individu se selfdissipline en intrinsieke motivering, mag die volgende praktiese riglyne ouers bystaan om ons seuns te help aanpas by hul huidige skolastiese omstandighede.

1. Hou by die normale verloop van 'n skooldag.

Bewerkstellig 'n sin van normaliteit deur die wekker te stel vir 'n vasgestelde tyd op skooldae, al is dit vir later as normaal. Hou by jul huisdouding se normale roetine van aantrek en ontbyt eet, waarna daar na 'n vasgestelde area vir tuisstudie beweeg kan word, weg van onnodige afleidings soos die sosiale gebruik van toestelle. Moenie verplig voel om tradisionele skoolure te handhaaf nie. Beplan eerder die dag met jul huishouding se normale ritme en jou kind se mees produktiefste ure in gedagte.

2. Volg 'n roetine eerder as 'n tidsrooster wanneer daar nie 'n vasgestelde skoolrooster gevolg word nie.

Leerders wie nie van nature ingestel is om vroeg op te staan of volgens rigiede tydgleuwe te funksioneer nie, mag dalk meer aanklank vind by 'n roetine van 'n reeks opeenvolgende verpligtinge, eerder as 'n streng, tydgebaseerde skedule. Akademiese verpligtinge kan dan omskryf word as spesifieke, tydverwante doelwitte wat rondom sekere daaglikse gebeurlikhede, soos bv. middagete, beplan kan word. Byvoorbeeld: in plaas daarvan dat Wiskunde geskeduleer word vir 08:00, Engels vir 09:00 ens., kan leerders eerder aangemoedig word om teen middagete klaar te wees met drie van hul vakke se werk vir die dag.

3. Maak gebruik van strategiese motiverings om deur die dag te kom.

Groeppeer onaangename take met meer aangename take, en laat hul die werk waarna hul die meeste opsien, eerste doen. Gestruktureerde, goed-bestuurde tyd vir sosiale media is 'n goeie voorbeeld van 'n beloning vir die voltooiing van 'n akademiese verpligting.

4. Help hul om hul skoolwerk in kleiner, hanteerbare hoeveelhede te verdeel.

Dit sal help om stres te verminder en uitstel te vermy. Leerders stel dikwels uit om oor te gaan tot aksie wanneer hul oorweldig voel of die taak as onoorkomlik ag. Deur te prioritiseer en die dag se akademiese werksmassa in kleiner dele te organiseer, word die werk meer hanteerbaar en minder intimiderend.

Ons plig as ouers is nie om die tradisionele skoolomgewing te repliseer nie, maar eerder om ons kinders te ondersteun terwyl hul hul weg vind tussen nuwe maniere van leer met dit wat tot hul beskikking is, en om hul te help om die onsekerheid te verdra eerder as om te probeer om hul sekerheid te gee.

Chanell Cuyler-Greeff
SLO Sielkundige